

30 Junie Nehemia 2:1-20

Geloofsgroei vra vertroue, verantwoordelikheid en volharding

Ons sien in Nehemia 1:11b dat Nehemia tot God gebid het om die koning simpatiek gesind te maak vir sy saak. In hoofstuk twee lees ons dat die koning buitengewoon in Nehemia se wel en wee belanggestel het. In vertroue tot God stel Nehemia die saak van sy volk waarop die koning met goedgesindheid antwoord. Die koning gee nog meer vir die taak as wat Nehemia verwag het. Nehemia se vertroue in die Almagtige God, en God se antwoord kom pragtig in die eerste nege verse na vore (veral vers 4b en 8b).

By sy aankoms in Jerusalem het Nehemia dadelik sy verantwoordelikheid nagekom en met sy taak begin. Hy tref die voorbereidings en gaan staan in vertroue voor die volk met die saak van die Here. Sy motivering vir die opbou van die mure lê in God se goeie hand (2:18) wat oor hom is; ook is die ideaal dat die geestelike mure van die volk opgebou moet word. Wonderlik reageer die volk: "Kom ons bou!"

Ons moet beseft dat die Here ons geestelik wil opbou as sy volk. Dit vra van ons om op Hom te vertrou en ons verantwoordelikheid op te neem. Verder sien ons dat terugkeer na die Here ook weerstand uitlok (10, 19-20). Die Here leer ons dat wanneer ons na Hom terugkeer in geloofsopbou, Hy van ons volharding tussen al die aanslae vra, en die krag daarvoor gee.

Dink na oor u vertroue in die Almagtige God. Dink na oor God se grootheid en genade, dat Hy wil hê ons moet in die geloof groei. Dink na oor God se verhooring van gebede wat op sy eer gerig is. Watter verantwoordelikheid het ek van die Here ontvang vir die groei van my geloof? Kom ek in vertroue en gehoorsaamheid my verantwoordelikheid na? Watter weerstand ervaar ek wanneer ek nader aan God groei? Hoe staan ek die weerstande teen?

Almagtige Vader, dankie dat U in beheer is van konings, lande en volke. Dankie dat U ons gebede verhoor en ons die krag gee om in die geloof te groei. Laat U Gees in ons werk sodat ons ons verantwoordelikheid in vertroue kan nakom en kan weerstand bied teen enige aanslae van die Bose.

Sing Psalm 90:1 en 9

Ds. J.P. van der Walt (Durban)